FAMILIEBYEENKOMS TUIS/ FAMILIEGROEPE

Families word aangemoedig om hierdie byeenkoms weekliks net na ete te hê. Laat almal help om na ete die tafel af te dek en skoon te maak en almal bring dan hulle Bybels, Sewe Weke-boekies en 'n pen na die tafel.

Fokus op mekaar

- Laat die gesin hoogtepunte en laagtepunte van die afgelope week met mekaar deel.
- Kry 'n legkaart wat die gesin maklik en vinnig saam kan bou.
- Laat die familie die volgende drie vrae beantwoord oor elke familielid. Waarin is ek goed of begaafd? Waar maak ek 'n positiewe impak in ander mense se lewens? Waaroor komplimenteer mense jou gewoonlik?

Fokus op die Woord in ons lewens:

- Laat een lid van die gesin 'n kers op die tafel aansteek as 'n simbool van God se teenwoordigheid en laat een persoon 'n gebed doen.
- Lees die teksgedeelte saam: 1 Petrus 4:7-11
- "God uses our personality, gifts, passions, hobbies, temperaments, experiences and talents, and mixes all of it into a beautiful lifegiving puzzle piece. As our pieces intermingle, shalom comes to the world"
- Laat elke familielid deel hoe hulle dink die Here hulle kan gebruik in sy legkaart van die lewe. Bevestig mekaar in die familie.

Bid saam:

Dank die Here vanaand vir elke familielid se unieke en besonderse gawes.

NOTAS:

Nog idees vir huisgeloof hierdie week:

Psalm 139

Lees Psalm 139:13-18 saam:

- Ons elkeen is uniek deur God "aanmekaargeweef". Verduidelik vir jou kinders hoe weefwerk met die hand gedoen word (wys 'n video van Youtube af. Hierdie een https://www.youtube.com/watch?v=9OHbJQ90hfY is baie oulik en nie te lank nie.)
- Gee vir elkeen 'n geleentheid om te sê hoe hulle daaroor voel dat God soveel moeite gedoen het om elkeen van julle uniek (op elkeen se eie manier) aanmekaar te weef?
- God het nog spesiale gawes en talente ook in jou ingeweef!
    - Gebruik hierdie geleentheid dat almal aan tafel 'n beurt kry om te luister hoe die res van die familie vir hulle sê waarmee hulle dink die persoon goed is.
    - Wat dink jy is jou gawes en talente wat God in jou ingeweef het? Dink nou aan 'n doodgewone dag waarin mense hulp nodig het. Hoe kan julle julle gawes gebruik om in daardie situasies diensbaar te wees en te help?
    - Probeer ook dink hoe julle gesin julle gawes kan gebruik om in julle gemeente te dien.

Nog idees vir gesinsaktiwiteite:

Idee-boks

Maak idees bymekaar oor wat julle saam kan doen om 'n verskil te maak. Gebruik julle plaaslike koerant, gemeenteblad of die internet. Dink aan groot en klein (maklike) idees om iets saam te doen. Gooi julle voorstelle in 'n spesiale boks en trek een uit wanneer julle 'n projek saam wil aanpak.

Skenk en seën

Pak gereeld julle kaste reg. Alle klere, speelgoed, boeke, ensovoorts, wat nog in 'n goeie toestand is, maar wat julle nie meer gebruik nie, kan julle aan julle gemeente of 'n organisasie skenk, wat dit dan weer kan gee vir mense wat dit nodig het of dit kan gebruik.

HUISGELOOF 7 WEKE – WEEK 4

Die “Ekstra Idees vir Huisgeloof” is hierdie week ‘n vermenging van idees uit:

“7 Ritmes vir kinders” deur Tom en Lollie Smith. Beskikbaar as hardekopie by Graffiti Books en as e-boek by Takealot en “Ons huis oefen: Families glo saam” deur Anriëtte de Ridder en Maartje van der Westhuizen. Beskikbaar by Bybelmedia.